

17 Oktober

Filippense 4:4-9; (Teks: 4:8, 9)

Dink jy nog?

Hierdie hele gedeelte staan in die lig van vers 5: *Die Here is naby.*

Die Here is besig om alles gereed te maak vir sy finale koms. Die volkome versoeningswerk van ons Here Jesus is afgehandel. Elke oomblik na kruis, opstanding en hemelvaart maak ons Here sy versoende mense gereed om ons in sy koms te laat deel. As Hy weer kom gaan 'n nuwe hemel en aarde beslag kry. Ook nou is Christus deur sy Gees besig. Die Here is naby!

Die God wat vrede gee is die God wat alles heelmaak. Vrede in Bybelse sin beteken heelheid en voorspoed. Deur die volmaakte soenoffer van ons Here Jesus is hierdie vrede moontlik.

Die Here is naby. Hy staan gereed om sy vrede te bewerk. Is jy naby die Here? Hieroor gaan ons teks: oor die regte reaksie op God se genadige nabyheid.

Vandag word die verstand skynbaar so ontwikkel as wat dit nog nooit tevore ontwikkel is nie. Maar hoeveel mense dink vir hulleself? Word daar baie tyd aan nadenke bestee? Daar word ure met passiewe gedagtes in die lees van oppervlakkige stories deurgebring. Die TV lei ons gedagtes weg - so weg dat ons selde kans kry om te dink oor alles wat ons gesien het. Vermaaklikheid en sport vul die ledige oomblikke waarin ons kans sou kry om te dink.

Nou gee die Here vir ons hierdie opdrag: *Rig jou gedagtes! Bedink! Bereken!* So sal die God van vrede by julle wees. Daar moet tyd gemaak word om te dink. Ons moet die lewe nadenkend aanpak.

Sing: Psalm 1:1

Ds. P.A. Odendaal (Evander)